

## Sing vooraf: Psalm 68:12 (p. 335)

12 Loof God in sy gemeente<sup>o</sup>alom, / o volk, uit Jakob voortgekom, / die eerste stammevader.  
Hoe vrolik gaan na Sions top / die stamme uit hul wonings op / om voor Gods troon te nader!  
Die kleinste, Benjamin, is daar, / 'n vors weleer; en Juda's skaar / met al die leeustryders;  
ook Sébulon en Naftali / wat vir geen vyand sidder nie – / van ouds die volksbevryders.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 119:29 (p. 592)

29 Laat hul weer met my vergader / wat u Naam van harte vrees,  
dat ons, in u woord verenig, een gemeenskap weer kan wees.  
Laat my hart maar net opreg wees / voor u oog wat alles sien,  
dan sal my geen skaamte<sup>o</sup>oorkom nie / as ek U van harte dien.

Gebed

## Skrifberyming 12-2:5 (27:5)

5 Ek geloof aan die gemeenskap / heilige verbintenis / van wie almal saam 'n eenheid,  
in hul Heer een liggaam is. Ek geloof die skuldvergewing, / weeropstanding van die vlees,  
en 'n lewe<sup>o</sup>in eewig duurt, / as die dood nie meer sal wees.

Skriflesing: Jesaja 54

Teks: Jesaja 54:11-13; Kategismus Sondag 21

**Jy, ellendige, deur storm gejaagde, ongetrooste! Kyk, Ek lê jou stene in sierklei, en Ek grondves jou in saffiere; en jou borswerings maak Ek van robyne en jou poorte van karbonkels en jou hele ringmuur van edelgesteentes. En al jou kinders sal deur die HERE geleer wees, en die vrede van jou kinders sal groot wees. (Jesaja 54:11-13 AFR1953)**

In die Ou Testament kry ons hier 'n duidelike beskrywing van die herstel van die gebroke sondaarmens. Dit is inderdaad 'n beskrywing wat nogal aansluit by die beskrywing van die Nuwe Jerusalem soos dit in die boek Openbaring gegee word.

Kom ons kyk uit die volgende hoeke na die genade van die Here:

- 1. Die genade van die Here in die versiering van sy Kerk**
- 2. Die genade van die Here in die krag van die gemeenskap wat die heiliges met mekaar beoefen**
- 3. Die genade van die Here in die sekerheid van vergewing van sondes**

### **1. God openbaar sy genade in die versiering van die Kerk**

In Jesaja 54 word 'n stad beskryf wat so mooi is dat dit 'n mens se begrip heeltemal oor is:

- 'n Stad gebou van blinkende wit marmerstene, met purperkleurige sement op 'n hemelsblou fondament.
- Die poorte is van robyne.
- Die grensmuur rondom die stad is van allerhande edelgesteentes.

*Die Here beskryf met hierdie woorde die kerk van die toekoms. Kyk na die beeld: Die stene is uitgekies, bymekaargemaak, geslyp en gereedgemaak, en elkeen op sy plek*

ingebou.

Waarom staan dit hier? Wat is besig om in hierdie gedeelte te gebeur?

- Die bruid van die Here moet waardig wees aan haar Bruidegom, maar sy is dit nie. Daarom word sy versier.
- Pragtig word dit gestel dat daar twee dinge is wat gelyk gebeur.
  - Die eerste is dat die Here sy bruid versier.
  - En die tweede is dat die Here met dieselfde daad sy bruid beskerm.
- So word die bruid van die Here in haar ewige volmaaktheid geteken – vervul met die Heilige Gees.
  - Al die uitverkorenes staan daar voor die Here – wedergebore en in die vrees van die Here
  - Elkeen toegerus vir sy taak om God ewig te loof en te prys.

Ons weet uit die Nuwe Testament hoe hierdie dinge werklikheid word – deur Jesus Christus.

- Hy is Koning en Verlosser van die kerk.
- Ons bely dat Hy van die skepping af tot met die wederkoms vir Hom 'n kerk vergader uit die hele menslike geslag.

Hierdie kerk word deur die Woord van God geleer, en deur die Heilige Gees gelei.

- So bewaar en vermeerder die Here Jesus die Kerk, want deur die werk van die Heilige Gees kom mense tot bekering wanneer hulle die Woord van die Here hoor.
- En soos die lewe aangaan, word elke uitverkorene deur die Heilige Gees in die verlossing van die Here Jesus ingelyf.
- Wanneer die gelowiges tot bekering gekom het, lewe hulle 'n lewe van reinwording.
  - 'n Lewe waarin hulle breek met die sonde.
  - 'n Lewe waarin hulle daarna streef om gelykvormig te word aan Christus.
- Net so gebeur dit ook dat wanneer mense in dwaalleer verval, hulle tot bekering kom deur die werk van die Heilige Gees en dit wat alles in die Woord van God geopenbaar word.

Dit is baie maklik om hierdie dinge in 'n preek vir u te staan en vertel, maar die gelowige wat deur hierdie meul moet gaan om in hierdie toestand van bekering en heiligwording te kom, kry baie swaar.

- Want die uitverkorenes is verwerplik in hulleself.
- Hulle kan ook nie in hierdie toestand van smet en onreinheid, waarin hulle gebore is en grootword en lewe, somer net so die heiligdom van God betree nie.
- Hulle moet eers waardig word om in so 'n heilige plek te kan ingaan.

Daarom maak die almagtige God hulle rein deur die Here Jesus Christus – totdat hulle lyk soos die beskrywing van die mooi stad.

Die dinge waarvan ons hier lees, is dus die eindresultaat van die Here Jesus se verlossingswerk.

- **Dit is die vervulling van ons doop, en van ons wederopstanding uit die dood, en die versoening van ons sondes met God.**
- In die skoonheid van die bruid van die Here het ons die volmaakte werklikwording van die kruiswerk van ons Here Jesus Christus.

**2. God openbaar sy genade in die krag van die gemeenskap wat die heiliges met mekaar beoefen**

Daar is 'n paar dinge wat gelowige mense aan mekaar bind, en een daarvan is die werking van die Heilige Gees.

- Die Heilige Gees bind nie net mense aan mekaar nie,
- maar bind hulle ook aan die gawes en skatte van die verlossing.

Een van die uitvloeisels van die soenverdienste van die Here Jesus Christus, is dat ons kan liefhê.

- Om lief te hê beteken dat jy nie net ontvang nie, maar dat jy ook moet gee.
- Prakties beteken dit dat gelowiges hulleself tot die beskikking van die ander gelowiges stel.
- Ons moet die liefde wat God vir ons het, ook uitleef teenoor ander mense.
  - Ons moet byvoorbeeld in liefde die gawe beoefen om te kan vergewe – nie op bepaalde voorwaardes nie, maar onvoorwaardelik,
  - en selfs met opoffering van ons kant af om ons naaste in staat te stel om sy foute te kan herstel.

Onthou dat ons al hoe ryker in Christus sal wees, al hoe meer ons soos Hy die mense wat teen ons oortree, hulle oortredings kan vergewe, en aan sy beeld gelykvormig kan wees.

*In die saamleef van ons gelowiges, en in die saambinding en eenheid van ons geloof, openbaar God die lof en heerlijkheid van sy teenwoordigheid oor ons, en sien ons reeds iets van die openbaring van ons saamwees in die hiernamaals.*

### **3. God openbaar sy genade in die sekerheid van die vergewing van ons sondes**

Van die sondeval af loop elke mens met die verterende onsekerheid of hy ooit weer volmaak sal wees en die Here sal sien. Daarom kom God na ons twyfelaars en sondaars toe, en Hy verseker ons van die vergewing van ons sondes en alles wat daarmee saamhang.

Dit is belangrik, want daar is nie 'n mens wat kans sien vir God se oordeel nie.

- Daar is ook nie een mens wat dit nie vrees nie.
- Daarom is dit so 'n groot genadedaad as die Here jou kom verseker dat jy in die gerig deur Jesus Christus vrygespreek sal word.

Daarmee sê die Here prakties wat in Jesaja 54 staan: Jy word in jou heerlijkheid beskerm en herstel deur die Here. Jy kan die sekerheid hê dat die Here jou jou sondes vergewe:

- **Die sondes van jou verlede:** van jou geboorte af, en wat jy geërf het.
- **Ook die sondes van die hede:** jou sondes waarteen jy nou nog daagliks moet stry.
- **Ook die sondes van die toekoms** sal die Here jou so vergewe dat Hy nooit weer daaraan wil dink nie.

Dink maar hier net aan wat in Romeine 8:1 staan:

**Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.** (Romeine 8:1 AFR1953)

Die sekerheid van geloof wat die Here gee, kom ook uit in die getuienis van die Heilige Gees:

**Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is;**  
(Romeine 8:16 AFR1953)

Ons beleef hierdie dinge nog nie so skerp as wat dit hier in die Bybel staan nie, want ons is nog in die bedeling van die sonde.

- Maar u moet weet dat dit nie so gaan bly nie. Die Here se wederkoms is op hande, en dan gaan alles in een oomblik verander.

- Daarom noem die Here ons in sy Woord alreeds “heiliges” al het ons nog nie in sy heerlijkheid ingegaan nie.

Die Here verseker hierdie dinge aan ons deur sy Woord wat ons self lees, en wat aan ons gepreek word.

- Daarby verseker Hy ons ook van hierdie dinge deur die sakramente – die Heilige Doop en die Nagmaal.
- Met dit alles verseker die Here u dat u binne die kring van sy verlossing staan, en dat hierdie beskrywing van die stad van uitverkorenes u ook raak.

Dit is u heerlijkheid wat daarin vertel word. U het egter die verantwoordelikheid om toe te sien dat u 'n lewende lidmaat van die kerk is:

- Gaan leef die liefde van die Here uit.
- Gaan in die wêreld in en vertoon Godsvrug.
- Gaan lewe met blydskap en weet dat u sondes vergewe is.
- En weet dat u die duiwel en alles wat hy breek, oorwin in die Here.

Weet dat die uiterlike smet van die sonde wat aan u kleef, vervang word met die heerlijkheid van blink marmer, van robyne, en van die heerlijkheid van God se sterkte.

Kom ons lees Kategismus Sondag 21 saam.

**Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?**

**Antwoord:** *Dat die Seun van God (a) uit die hele menslike geslag (b) vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is (c), deur sy Gees en Woord (d) in die eenheid van die ware geloof (e) van die begin van die wêreld af tot die einde toe (f) vergader, beskerm en onderhou (g) en dat ek daarvan 'n lewende lid is (h) en ewig sal bly (i).*

(a) Ef 5:26; Joh 10:11; Hand 20:28; Ef 4:11-13. (b) Gen 26:4; Op 5:9. (c) Rom 8:29; Ef 1:10-13.

(d) Jes 59:21; Rom 1:16; 10:14-17; Ef 5:26. (e) Hand 2:42, Ef 4:3-5. (f) Ps 71:17, 18; Jes 59:21;

1 Kor 11:26. (g) Matt 16:18; Joh 10:28-30; Ps 129:1-5. (h) 1 Joh 3:14, 19-21; 2 Kor 13:5; Rom 8:10.

(i) Ps 23:6; 1 Kor 1:8, 9; Joh 10:28; 1 Joh 2:19; 1 Pet 1:5.

**Vraag 55: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?**

**Antwoord:** *Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het (a). Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend (b).*

(a) 1 Joh 1:3; Rom 8:32; 1 Kor 12:12, 13; 1 Kor 6:17. (b) 1 Kor 12:21; 13:1, 5; Fil 2:4-8.

**Vraag 56: Wat glo jy van die vergewing van die sondes?**

**Antwoord:** *Dat God, op grond van die voldoening van Christus, aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my lewe lank moet stry nooit meer (a) wil dink nie. Uit genade wil Hy aan my die geregtigheid van Christus skenk (b) sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie (c).*

(a) 1 Joh 2:2; 1:7; 2 Kor 5:19. (b) Rom 7:23-25; Jer 31:34; Miga 7:19; Ps 103:3, 10, 12. (c) Joh 3:18; 5:24.

**Amen.**

Slotgebed

Psalm 134:4

- 4 Laat, HEER, u seën op hul daal, / u guns uit Sion hul bestraal!  
U wat beveel en - dit geskied, / wil, HEER, u seen oor hul gebied!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

**Dr MJ du Plessis**

**Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 2 September 2007**

**Hulpdienspredikant Clanwilliam. Datum: 8 September 2013**